8 November 2020

FAMILIE TUISBLAD

Josua 24:1-3, 14-25

ons storie

Geloof gaan nie net oor die woorde wat ons sê nie, maar veral die keuses wat ons maak.

Hoe help hierdie aanhaling jou om te dink oor jou geloof?

ons nuwe storie

As ons terugkyk oor ons lewe - kan ons ook sien waar en hoe God vir ons gesorg het. Mens kan God se krag so raaksien.

Daarom weet ons God is getrou, Hy sorg vir ons.

God is vandag dieslefde as in Josua 24, Hy is Heilig.

Vertrou en volg jy vir God voluit?

GOD se storie

Josua herinner die volk aan hoe God vir hulle gesorg het veral met die inname van die beloofte land Kanaän.

God se sorg van die verlede vra nou van die Israeliete 'n keuse oor die toekoms.

Gaan hulle God voluit vertrou en volg.

God is heilig (vers 19) daarom verwag Hy dat Sy kinders Hom alleen sal kies en Hom voluit sal volg.

God dwing niemand nie. Hulle moes self kies wat hulle wou doen.

Die Israeliete kies toe weer vir God.

Rituele en gewoontes

Jesus gee ons 'n idee van wat dit beteken om God voluit te volg en te vertrou. Hy sê: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.*

Wat kan jy/ julle doen om dit wat Jesus hier vra nog beter reg te kry?